



Kersfees

hy het ingebuur
in, in tyd in
in die klein ruimte in
wat hy vroeër uitgespreek het

daar tussen die skape
in 'n grotskuiling
babatjebroos gehuil

'n klein skreetjie van 'n klein mensie
wat oor ewighede weergalm

Wyses

hulle word die wyses genoem
die drie oosterlinge
wat die lang reis aangepak het
en geskenke gebring het
goud wierook mirre

hulle was die wyses
want in die kind het hulle
die Koning herken

Stille nag

so sit hy daar teen die hang
tussen die skape onder die sterre
en met die aardsheid swart onder sy naels
in die fyn lyntjies van sy vel
en dieper
om hom hang sy reuke
rook en veld en sweet en skaap
geëelte vingers krap deur die taai hare
asof dit 'n greep wil kry
op die helder wasigheid
die wasige helderheid
van die herinnering aan daardie nag
die krip die kind die stemme wat sing,
en die woorde
die woorde van die lied wat hom bly trek
soos 'n bos in die veld wat aanhou brand
aanhou brand maar nie uitbrand nie
mense in wie Hy 'n welbehae het
dit gly tussen sy vingers deur
hy sukkel om dit te vat
dat Hy van mense hou
mense met swart onder die naels
en dieper
mense wat ruik
na rook en sweet en veld en skaap
dat Hy van hulle hou
so sit hy daar in die nag
dan trek hy sy sandale uit
en hy begin saggies sing
ere aan God
ere aan God

Sy het gesing

by die nuus oor die Kind het die jong vrou
volswanger van vreugde
die lewe geskenk aan 'n lied

'n loflied aan dié God wat alles onderstebo keer
aan die God wat groot dinge doen aan geringes
soos sy
en wat die magtiges die rykes en die hoogmoediges
in die stof laat byt

sy
die swanger een
die ongetroude een
die skandalige een
sy
die geseënde een
sy
het gesing en gesing en gesing

Só lief

Só lief het God die kosmos gehad -
van Jood, Chinees en Arabier
tot by die kokerboom en populier;
die kind wat uitspoel op die strand,
die stad vol puin, die land wat brand;
die spookpadda, pikkewyn en kreef,
heuningby en panda wat oorleef;
die droë dam, die sterwende stroom,
en ver daarbo die yl osoon;
die woud wat kwyn, die besoedelde vlei;
elke mens, elke plant, elke dier wat ly
- só lief het Hy dié kosmos gehad
dat Hy sy Seun gegee het . . .

So lief

So lief het God die kosmos gehad –

die Jode en die Palestyne, die Argentyne en Filipyne,
die Khoi en die San, die Vendas, Tswanas, Damaras,
Afrikaners, Zoeloes, Owambo's, Xhosas, Shonas,
Swazi's en Himbas;

die onderwysers en verpleegsters,
bakkers, bodes, boere,
ingenieurs, werkloses, joernaliste,
bankbestuurders, taxibestuurders, parlamentslede,
studente, programmeerders, bedelaars,
maatskaplike werkers;

kleuters, oupas en oumas,
alleenlopers, babas en bakvissies,
jong getroudes,
adolossente, oumagrootjies, enkelouers,
tieners, geskeides en middeljariges;

motordiewe, drinkers, skinderaars,
bedrieërs, molesteerders, dwelmhandelaars,
moordenaars, vervalsers, bankrowers,
plaasaanvallers, smokkelaars, kuberkrakers,
lasteraars en leuenaars;

lesbiërs, gays, straights, trans- en interseksmense,
queers, homofobe, selibates
en ander wat moeilik in hokkies pas;

dapperes, angstiges, vrolikes,
depressiewes, siekes, tevredenes,
ambisieuses, vergetenes, aggressiewes,
ontnugterdes, verbeterenes, geammuseerdes,
treurendes,
eensames,
dromers en dankbares;

renosters, kraanvoëls, vleie, pikkewyne,
luislange, paddas, heuningbye,
sardyne en marlyne,
grasvelde, olifante, riviere,
verkleurmannetjies, oerwoude, krewes;

fariseërs, gelowiges, eksegete,
biskoppe, fundamentaliste, ongelowiges,
sendelinge, dwepers, dominees, profete,
geloofsgenesers, gospelsangers, twyfelaars;

prostitute, mishandeldes, geboeliedes,
verhongerdes, uitgestotenes, verwerptes,
vervloektes, belasterdes, gestigmatiseerdes,
verontmensliktes, verwondes en vernieldes

- dat Hy sy Seun gestuur het.